

# Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die  
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



Oktober 2012

Hou die rooimarm boodskap brandend

## Lees binne...

- Die Hervormde Kerk en die pad vorentoe – 1
- Hervorming – verlede, hede en toekoms – 2
- Eeufeesvieringe op Piet Retief – 5
- Tyd om ons teologie en kerkwees te herontdek – 6

## In hierdie uitgawe

- BI 1 Die Hervormde Kerk en die pad vorentoe (Ds Dries Beukes)
- BI 2 **Van die redakteur, dr André Ungerer**  
Hervorming – verlede, hede en toekoms
- BI 3 **Aktuele sake**  
Soveel hoofde, soveel sinne... (Dr Wouter van Wyk)
- BI 4-5 **Kerkwerf**  
Nuu by die Fakulteit  
Tydskrifpryse 2013  
Eeufeesvieringe op Piet Retief  
Predikantevergadering 2012
- BI 6 **Teologiese gesprek**  
Die Hervormde middelgrond –  
tyd om ons teologie en kerkwees te herontdek (Dr Daan van Wyk jr)
- BI 7 **Gespreksforum**  
Is daar verskil tussen kerk en wêreld? (Ds Nico Brayshaw)  
Die Bybel in isiNdebele (Prof Andries Breytenbach)
- Agterblad **Oordenking**  
Om nuut te begin (Ds Mariaan Beukes)

## Hervorming – verlede, hede en toekoms

**Dr André Ungerer**, redakteur, skryf oor die lesse van die verlede. Om te leer uit die verlede beteken nie 'n skalkse oor die skouer kyk nie. Die herdenking van Hervorming vra van ons om tot stilstand te kom. Die gebeure nooi jou om vir 'n wyle om te draai en die geskiedenis vierkantig in die oë te kyk.

Die herdenking van die Hervorming wat op 31 Oktober 1517 deur Martin Luther begin is, is om verskeie redes vir die Hervormde Kerk in 2012 belangrik. Bo en behalwe die onverkwiklike gebeure van die afgelope maande, word die Kerk die afgelope jare toenemend gekonfronteer met dalende lidmaatgetalle. Dit is maar twee van velerlei gebeure wat die Kerk noop om die verlede krities te ontleed, en drasties oor die hede te besin ten einde met nuwe visie kragdadig die toekoms in te beweeg.

Besinning sonder doelgerigte beweging het weinig nut. Sonder beweging, versteen die proses in geykte denkpatrone en uitgediende strukture. Dit is meesal vrees vir die onbekende wat die verstening laat plaasvind. Hunkering na die bekende en die veilige van wat eens was, is dalk simptome van 'n dieperliggende toestand. Die Duitse teoloog Ernst Käsemann het gesê dat mense en institusies nie daarvan hou om gedurig in 'n staat van gereedheid te wees nie. Hulle ontwerp dan voortdurend meganismes om hulle teen te veel hitte te beskerm. Op hierdie wyse word Jesus se rooiwarm boodskap wat die belofte dra om soos 'n vuur deur die wêreld te versprei, afgebring tot kamertemperatuur. Dit is harde woorde wat selfondersoek noodsaak. Het die evangeliese klimaat in die Hervormde Kerk kamertemperatuur bereik? Is die skrikwekkende daling in lidmaatgetalle tekenend daarvan?

Ons sing só graag: *Hou Christus self sy kerk in stand* (Gesang 477). Daarmee troos ons onself dat God die Hervormde Kerk in stand sal hou – ons Hervormde etos, ons nugter teologie en kosbare gebruike. Regtig? Gedurende 2009/10 het die aantal belydende lidmate met 3 372 gedaal, en gedurende 2010/11 met 4 523. Neem gewoon die gemiddeld van die twee syfers, en bly aftreksomme maak. Indien die tendens nie gestuit word nie, sal die Hervormde Kerk teen die jaar 2037 nie meer bestaan nie. Dit is oor 25 jaar.

Dat God sy kerk in stand gaan hou, in watter vorme ook al, laat geen twyfel nie. Dit sal waarskynlik nie wees soos ons daaraan gewoond is nie of soos wat ons dit ten alle koste wil behou nie. Gaan die Hervormde Kerk dit opnuut met Christus die toekoms in waag? Wat waarde het in die Hervormde Kerk, sal God in stand hou. Wat waardeloos geword het, sal Hy van ons stroop. Dit is ten diepste waaroor Hervorming gaan.

Kom ons bid dat Christus die Hervormde Kerk van kamertemperatuur-kerkwees sal bewaar en ons sal wys hoe die rooiwarm boodskap van sy evangelie kragdadig ontvlam oral waar ons in sy voetspore volg. En as ons mag vra – dat daar steeds 'n Hervormde Kerk in die toekoms mag wees wat van krag tot krag gaan.

\*\*\*\*\*

## Die Hervormde Kerk en die pad vorentoe

Die kerk, alle kerke, word gekonstitueer deur die evangelie van Jesus Christus. As jy nie hierdie evangelie verkondig nie, is jy nie kerk nie. **Ds Dries Beukes** skryf dat dit onvermydelik uitloop op jou verstaan van kerkwees en wat dit meebring. Die plaaslike gemeentes is die sigbare verskyningsvorm van die Hervormde Kerk, en al die gemeentes saam vorm die Hervormde Kerk.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oordeel dat die Kerk op alle vlakke ernstig moet besin oor wat ons verstaan onder kerkwees. Wat behoort tot die hart van die kerk, en wat gaan ons doen om dit te verweselik? Ons kan tog nie die verantwoordelikheid van kerkwees oorlaat aan 'n paar ampsdraers wat daarvoor moet besin en die res van die Kerk moet bedien nie! Tydens die besinning moet ons nie agter 'n paar mooi of selfs krasse woorde en ideale gaan skuil en dit ons besluite maak, en dan, wanneer dit by die uitvoering daarvan kom, net die skouers optrek en sê ons kan dit nie doen nie of ons kan dit nie bekostig nie.

Die uitdaging is om, gegewe die situasie, positief en kreatief te besin om dalk nog presies dieselfde dinge te doen maar op ander maniere wat meer bekostigbaar is, of as ons wil voortgaan soos nou, almal daarvoor verantwoordelikheid aanvaar.

\*\*\*\*\*

## Teologiese gesprek

**Dr Daan van Wyk (jr)** lei die teologiese gesprek in met 'n perspektief op die Hervormde middelgrond. Die afgelope dekade en veral in die tyd voor en na die 69ste Algemene Kerkvergadering het baie dinge in die Hervormde Kerk gebeur wat ons begrip van kerkwees en ons Bybels-Reformatoriese teologie skeefgetrek en aan wanpersepsies uitgelewer het, en tans selfs aantoonbare afwykings tot gevolg het.

So is daar die wanpersepsie dat daar in die Hervormde Kerk net twee groepe is wat teenoor mekaar staan en dat daar tussen hierdie twee groepe onafwendbare skeuring dreig. Die een groep is die selfbenoemde 'steedsHervormers', en die ander groep word geag te wees die Algemene Kommissie, met hul 'volgelingen'. Almal in die Kerk móét volgens hierdie wanpersepsie kies: Is hulle vír die een, is hulle téén die ander. Die steedsHervormers beweer dat dié keuse 'n teologiese keuse is. Die steedsHervormers ag hulself en net hulself regsinnig. Hulle brandmerk sekere teologiese dosente, spesifiek prof AG van Aarde, as dwaalleraars. Almal wat nie steedsHervormers is nie, is sonder meer vír die dosente en daarom (ook) dwaalleraars.

Ons kerkwees en teologie kan nie langer met dié soort drogbeeld en -redenasie saamleef nie. Ons teologie is oor dekades selfs deur teoloë van buite as veels te nugter beoordeel dat dié soort skeeffrekking, wanpersepsie en veralgemening langer onontmasker kan bly. In die eerste plek is daar nie bloot twee teenoorstaande groepe in die Kerk nie. Daar is inderdaad die steedsHervormers wat die res van die Kerk in 2012 met 'n misplaaste 'Staat van Belydenis' tot ketters verklaar het en die Kerk in die Hooggeregshof gedagvaar het om op regsgronde te probeer bevind dat hulle nie meer deel van die Kerk is nie. Die werklikheid is egter dat dit 'n kenmerk van ons Hervormde eie-aardigheid is dat daar by die Kerk se predikante, ampsdraers en lidmate 'n intense afkeer van enige vorm van groeppvorming is. Groeppvorming lei net tot skade en bedreiging van die eenheid van die kerk as liggaam van Christus (vgl 1 Kor 1: 10-17). Lidmate van die Kerk hoef derhalwe nie ontsteld te wees as hulle ontuis voel met groeppvorming van watter aard ook al nie. Van niemand in die Kerk word verwag om vír een groep en téén 'n ander te kies nie.

(Volg die debat verder op [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) → Teologiese gesprek)

\*\*\*\*\*

## Ander berigte

Daar is ook 'n artikel van **dr Wouter van Wyk** oor die verskillende media wat deur die Hervormde Kerk vir haar kommunikasie gebruik word, 'n onderhoud met **dr Ananda Geysler-Fouché**, en berigte oor **Gemeente Piet Retief** se eeufesvieringe en die **Bybel in isiNdebele**. **Ds Mariaan Beukes** van gemeentes Roosenekal en Stoffberg se oordenking handel oor die mens se vermoë om oor te begin – vanuit die genade van God.